


**_12 Mei 2026_**

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Ons grootste dank aan ons leierouers en leiers vir ons Ma en Dogtertee - wat `n ongelooflike funksie. Dit was beslis een vir die boeke!! Voorspoed met volgende funksie - pa en seun-middag, 13 Junie 2026. Ons waardeer jul harde werk en inisiatief.




**<u>Eksamen: Akademie</u>**
Ons glo elke leerder is besig met akademie en vra waar hul iets nie verstaan nie. Of as hulle iewers iets gemis het, dat hulle sal vra en sal opvolg. Ons is saam met jou in hierdie eksamen, mag ons saam sukses bereik. Leerders probeer asseblief, al voel jy bietjie olik, om 100% by die skool te wees.

**<u>Kultuur:</u>**
Ons leerders begin werklik saam `n hegte eenheid vorm deur kultuuraktiwiteite. Spanne by debat en redenaars begin hul staal wys. Ons waardeer die tyd en oefening wat julle insit. Ons leerders geniet koor en juniors is `n voorbeeld hiervan, dankie vir jul optredes en uitstraal van genot. Ook Bruis ons met lees en borrelende optredes.

**<u>Sport:</u>**
Ons jong spanne het eerste Valkierugby ervaar en ons kan sien hulle geniet die ontwikkeling. Ons groter spanne is gevorm in `n hegte eenheid en ten spyte van siekte en beserings wys hulle deursettingsvermoë en staal. Al die sport se proewe is al op hande en beplanning vir toere is al op dreef.

**<u>Maatskaplik:</u>**
Ons doen `n dringende beroep om ou winter-, somer- en/of skooldrag te skenk, waar ons leerders dit so broodnodig het. Dit waarmee u kan help word waardeer.

**Sosiaal:**
Ons gelukwensing aan Meneer F Erasmus, hoof van Dr. EG Jansen met sy verjaarsdag. Mag die nuwe lewensjaar geseën wees met gesondheid, genade en wysheid.

Ons CSV-span nooi julle weer om weekliks saam met hulle `n pouse, soos afgekondig, te kom geniet.

**Hemelvaart:**
Ds Waldo Niemandt gaan die oggend in die saal vir ons 'n Hemelvaartdiens hou. Baie dankie. Daar sal die middag GEEN skool-aktiwiteite plaasvind nie. Skool verdaag gewone tyd en die naskoolsentrums sal normaal funksioneer. Ons wens u 'n geseënde Hemelvaart toe.

Mag ons liggaam, siel en gees reg wees vir winter wat ophande is. Mag ons gesond bly en mag God se seën oor elke gebied wees waar weersomstandighede soveel skade en verlies bring.

______________________.
Hoof
C Blignaut